Suite nr 2,
Garsfontein office park
645 Jacqueline avenue
Pretoria
0081.
+(27)82 5622 188 / albert@Nampo/ALFA.co.za

ALFA-aanlyn 2021-Varkprogram: 1 April 2021 - 31 Augustus 2021 &
Nampo/ALFA 2021- Varkprogram op Nampopark: 30 September 2021- 2 Oktober 2021.

Die varkvleisbedryf is een van Suid Afrika se mees dinamiese bedrywe wat ondanks groot uitdagings, vinnig groei. ALFA het sedert die eerste aanbieding van die ekspo 'n varkvleisprogram gehad wat baie klein begin het en gegroei het tot die aanbieding van die grootste varkkarkaskompetisie ooit in die geskiedenis in 2020. Ons gaan bou op hierdie momentum asook die voordeel van Nampopark se fasiliteite om van 2021 se Nampo/ALFA die grootste bedryfsgeleentheid in die varkvleisbedryf te maak die jaar. Die fokus van die varkvleisprogram is om samesyn van die totale varkvleisgemeenskap te bevorder en om prestasiemeting, die gebruik van tegnologie en goeie genetika te bevorder.

Die onderstaande varkvleis-gefokusde projekte word in twee dele opgedeel:

- Die projekte wat deel vorm van die ALFA 2021-aanlynprogram wat 1 Mei – 31 Aug 2021 aanlyn op Agri TV, die ALFA webblad en Facebook blad en met ondersteuning van die ALFA selfoonaplikasie, uitgevoer word.
- Die projekte wat op Nampopark, 30 Sept- 2 Okt 2021 as deel van die Nampo/ALFA Lewendehawe, jag en buitelewe ekspo aangebied word. (Hierdie program kan slegs voortgaan binne Covid-19 beperkings).

Die meeste van hierdie projekte het ook elemente wat oorvleul of deel vorm van beide programme. Al die borge is nog nie finaal bevestig nie en van die nuwe projekte en geleenthede moet ook nog gefinaliseer word. 'n Vollediger program met datums en operasionele besonderhede sal spoedig gedeel word. ***Meer inligting oor die program en opdaterings is beskikbaar op*** ***www.alfaexpo.com***, ***www.Nampo/ALFA.co.za*** en die ALFA Facebook blad.

ALFA aanlyn 2021 program:

1. ***Envarto vark-karkaskompetisie saam met Samic.***
   Varkboere regoor SA kry die geleentheid deel te neem aan hierdie unieke karkaskompetisie wat een van die hoogtepunte van die 2020 program was. Die kompetisie word oor twee weke by twaalf abattoirs in al nege provinsies aangebied. (Lys van abattoirs en slagdatums per abattoir sal spoedig bekend gemaak word). Diere kan by enige van die abattoirs geslag word en word direk van plaas na abattoir geneem. Wenners word per provinsie en nasionaal aangewys vir enkelkarkas en groep van vier. Streeks wenners word by die verskillende abattoirs aangewys. Die nasionale ALFA wenners word op Agri TV aangekondig.
   Datums:
   - 1 Mei: Kompetisie open vir inskrywings.
   - 31 Mei: Inskrywings sluit
   - 19-30 Julie Slagtings word by 14 Abattoirs uitgevoer, streeks wenners word by elke abattoir aangekondig.
   - 31 Julie: Wenners word op Agri TV aangekondig. Sertifikate word op Nampo/ALFA uitgedeel.

2. ***ALFA best bacon kompetisie.***
   Hierdie is die eerste aanbieding van hierdie unieke kompetisie wat poog om die mees herkenbare eindproduk van die varkvleisbedryf, naamlik spek, te bevorder. Maatskapye en instansies wat spek produseer word genooi om deel te neem om Suid Afrika se beste spekprodusent te kroon. Die Universiteit van Stellenbosch gaan die wetenskaplike ontleding asook die sensoriese evaluasie doen. 'n Paneel van hotel-chefs doen ook 'n

Suite nr 2,
Garsfontein office park
645 Jacqueline avenue
Pretoria
0081.
+(27)82 5622 188 / albert@Nampo/ALFA.co.za

evalueering en die produk wat die beste gekombineerde punt verwerf, word as SA se spek-koning gekroon op die Best-beacon breakfast @ Nampo/ALFA.

Datums:

- 1 Julie: Kompetisie word aangekondig en uitnodiging word aan spek-produsente gestuur.
- 1 Aug: Beoordeling begin deur Universiteit van Stellenbosch
- 28 Aug: Beoordeling deur paneel chefs en aankondiging van wenners (Hotel waar dit gehou word, sal nog aangekondig word) Geleentheid word lewendig gestroom op Agri TV.

Nampo/ALFA program op Nampo park:

1. ***ALFA People's Choice ham-challenge***

Besoekers aan Nampo/ALFA kry die geleentheid om stukkies ham van vyf verskillende verskaffers te proe en vir hul gunsteling te stem. Die wenham dra die kroon as die keuse van die mense.

Datums:

- 1 Julie: Uitnodigings open vir deelname.
- 30 Sept: Evaluasie op Nampo/ALFA.

2. ***ALFA Vark-rasekspo***

Die uitstalling van varkrasse was sedert die eertse ALFA een van die gunsteling uitstallings. Met die fasiliteite by Nampopark en die samewerking van die SA Varktelersvereniging gaan ons hierdie jaar 'n stappie verder. 'n Verskeidenheid varkrasse word die jaat by Nampo/ALFA uitgestal om 'n perspektief te skep van die rasse wat varkvleisproduksie in SA ondersteun.

Datums:

- 1 Aug: Uitnodigings open vir deelname.
- 29 Sept: Diere word afgelaai op Nampo/ALFA.

3. ***ALFA beacon-breakfast***

Al die ALFA-varkprojekte se toekennings asook Samic se nasionale varktoekennings vorm deel van hierdie unieke geleentheid teen die agtergrond van goeie kos en musiek. Die varkvleisbedryf kom bymekaar om die produkte van die bedryf te geniet met 'n spesiale ontbyt met die land se beste spak op die spyskaart en Ruan du Toit se musiek.

Die volgende toekennings word uitgehandig:

- Die ALFA-varkvleisprojekte toekennings.
- Samic se nasionale varkbedryfs toekennings.

Datums:

3. 1 Okt, 8h00 op Nampo Park.

Suite nr 2,
Garsfontein office park
645 Jacqueline avenue
Pretoria
0081.
+(27)82 5622 188 / albert@Nampo/ALFA.co.za

ALFA 2021 kalender opsomming		
Datum	**Projek**	**Aksie**
1 Mei	Envarto vark karkaskompetisie	Kompetisie word aangekondig en uitnodiging word aan telers gestuur.
1 Julie	ALFA Best bacon kompetisie	Kompetisie word aangekondig en uitnodiging word aan produsente gestuur.
15-16 Julie	Envarto vark karkaskompetisie	Slagtings vind by 14 verskillende abattoir plaas en streeks-wenners word in elke streek aangekondig
	ALFA People's Choice cheese challenge	Uitnodigings open vir deelname.
31 Julie	Envarto vark karkaskompetisie	Wenners word op Agri TV aangekondig.
1 Aug	ALFA Best bacon kompetisie	Beoordeling begin
	ALFA Vark-rasekspo	Uitnodigings open vir deelname.
30 Sept	ALFA Best bacon kompetisie	Chefs beoordeling en aankondiging van wenners op Agri TV
30 Sept	ALFA People's Choice cheese challenge	Evaluasie op Nampopark
1 Okt	ALFA Bacon-breakfast	Ontbyt & prysuitdeling